

29 April

Skrifgedeelte: Handeling 4:32-5:12

Fokusgedeelte: Handeling 4:3

Ware en valse Christenskap

Ons lewe in 'n wêreld waarin daar op die oomblik baie vervalste goedere in omloop is. Die probleem is dat die vervalsing net soos die regte een lyk, maar dat dit in wese heeltemal daarvan verskil. Ook in die godsdiens kry ons hierdie vervalsing. God se Woord vertel ons van 'n sekere Barnabas wat uit eie beweging sy stuk grond verkoop en die geld aan die apostels oorhandig het.

Dan kom die vervalsing. Ananias en Saffira het ook uit eie beweging 'n stuk grond verkoop. Met die geld kon hulle maak wat hulle wou. Tog besluit hulle om 'n deel van die geld aan die apostels te gee, maar om die leuen te vertel dat dit die volle bedrag was. Hulle het met mekaar afgespreek om iets voor te gee wat nie die waarheid was nie. Hulle wou dieselfde *“lyk”*, sonder om dieselfde te wees. In 'n paar oomblikke het God se oordeel hulle getref en die valsheid in hulle harte ontbloot. Hier aan die begin van die kerklike geskiedenis van die Nuwe Testament wys God self dat die ware geloof nie vervals kan word nie. Hy wat die harte ken, oordeel die mens se gesindheid. Net soos in die handelswêreld is Satan sekerlik vandag ook besig om die kerklike lewe met sy vervalsings te oorstrom – hulle wat goed wil *“lyk en doen”*, sonder om in hulle harte opreg te wees. Onthou: God ken die namaaksels, want Hy oordeel oor die diepste motiewe en gesindhede van die hart.

Sing: Psalm 15:1,2

Ds IW Ferreira (Magol)